education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESERING

## GRAAD 10

## REKENINGKUNDE V1
## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 baldsye, ‘n formuleblad en ‘n 9 bladsye andwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ‘n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Rekeningkundige konsepte en Ontleding van Transaksies | 25 | 20 |
| **2** | Staat van Omvattende Inkomste | 50 | 40 |
| **3** | Staat van Finansiële posisie en aantekeninge | 45 | 36 |
| **4** | Ontleding en vertolking van Finansiële State | 30 | 24 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE KONSEPTE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES** **(25 punte; 20 minute)**

1.1 Kies ‘n verduideliking uit KOLOM B wat by die beginsel in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. (5)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Besigheidsentiteit | A. Inkomste en uitgawes moet in dieselfde finansiële tydperk gereflekteer word. |
| 1.1.2 Historiese koste | B. Finansiële inligting word op 'n konserwatiewe wyse aangeteken. |
| 1.1.3 Paring | C. Alle bates word teen hul kosprys aangeteken. |
| 1.1.4 Lopende saak | D. Finansiële inligting word voorberei met die veronderstelling dat 'n besigheid in die toekoms sal voortbestaan. |
| 1.1.5 Omsigtigheid | E. Transaksies met 'n onbeduidende uitwerking op die uitkoms van die resultate van die besigheid sal nie aangeteken word nie. |
| | F. Finansiële sake van 'n besigheid word heeltemal apart gehou van die finansiële sake van sy eienaars. |

1.2 Die inligting hieronder het betrekking op **Mabudi Winkel**. Die transaksies het plaasgevind gedurende **Februarie 2024**. (20)

**GEVRA:**

Ontleed die transaksies volgens die opskrifte in die antwoodeboek. Toon ‘n toename aan met ‘n **+** en ‘n afname met ‘n **–** en geen uitwerking met ‘n **0.**

**Voorbeeld:** Betaal Lakeside Stationers per EFO, R500.

| Nr. | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | Bedrag | Bates | Eienaars belang | Laste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vb. | Skryfbehoeftes | Bank | 500 | - | - | 0 |

**TRANSAKSIES:**

1.2.1 Ontvang R 600 van A April, ‘n debiteur, ter vereffening van sy rekening.

1.2.2 Goedere ter waarde van R5 000 is aan ‘n Kinderhuis geskenk.

1.2.3 Kontantverkope het R30 000 beloop. Die besigheid gebruik ’n winsopslag van 50% op kosprys.

**25**

**VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (50 punte; 40 minute)**

**MARUPING HANDELAARS**

**GEVRA:**

Die inligting het betrekking op die rekeningkundige rekords van Maruping Handelaars vir die jaar geëindig 31 Augustus 2024. Neem die inligting in aanmerking en voltooi die Staat van Omvattende Inkomste. (50)

**A. MARUPING HANDELAARS**
**PROEFBALANS VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 AUGUSTS 2024**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| **BALANSTAATREKENINGE-AFDELING** | | |
| Kapitaal | | 955 000 |
| Onttrekkings | 65 860 | |
| Grond en geboue | 650 000 | |
| Voertuie | 345 000 | |
| Toerusting | 60 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op Voertuie | | 28 125 |
| Opgehoopte waardevermindering op Toerusting | | 8 700 |
| Vaste Deposito: BASA Bank (8.5 % per jaar) | 50 000 | |
| Handelsvoorraad | 33 320 | |
| Debiteurekontrole | 23 500 | |
| Bank | 7 500 | |
| Krediteurekontrole | | 51 577 |
| Lening: BFN Bank | | 239 820 |
| **NOMINALEREKENINGE-AFDELING** | | |
| Verkope | | 758 413 |
| Koste van Verkope | 500 000 | |
| Debiteureafslag | 12 435 | |
| Huur inkomste | | 31 300 |
| Rente op vaste deposito | | 2 125 |
| Korting ontvang | | 560 |
| Oninbare skulde | 1 250 | |
| Salarisse | 114 000 | |
| Telefoon | 7 490 | |
| Water en elektrisiteit | 5 350 | |
| Skryfbehoeftes | 3 210 | |
| Advertensies | 6 346 | |
| Versekering | 3 250 | |
| Rente op lening | ? | |
| Korting toegestaan | 789 | |
| | | |

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## B. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

1. Goedere, R525, is aan die plaaslike kleuterskool geskenk. Geen inskrywing vir die transaksie is gemaak nie.

2. Die fisiese voorraadopname op die laaste dag van die finansiële jaar het die volgende inligting opgelewer:
   - Voorraad op hande R31 590
   - Skryfbehoeftes ter waarde van R2 820 was gedurende die jaar gebruik.

3. Die vaste deposito is op 1 September 2023 by BASA Bank belê. Rente op die vaste deposito is slegs vir ses maande ontvang.

4. ‘n Debiteur, D Ponti, met ‘n uitstaande saldo van R900 moet afgeskryf word as oninbaar.

5. Die leningstaat ontvang van Derby Bank op 31 Augustus 2024 toon die volgende:

| | R |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die finansiële jaar | 262 000 |
| Betalings gedurende die jaar (rente ingesluit) | 51 000 |
| Rente gekapitaliseer | **?** |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | 239 820 |

6. Huur is vir dertien maande ontvang. Neem in aanmerking dat die huur verhoog het met R250 per maand op 1 Julie 2024.

7. Die telefoonrekening (R405) vir Augustus 2024 is ontvang maar nog nie betaal nie.

8. ‘n Jaarlikse versekeringspremie van R1 140 is betaal op 31 Maart 2024.

9. Die besigheid se beleid vir waardevermindering bepaal die volgende:
   - Waardevermindering op voertuie word bereken teen 15% per jaar op die kosprys. Neem in ag dat 'n nuwe voertuig, met 'n kostprys van R120 000 op 1 Mei 2024 aangekoop en te boek gestel is.
   - Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode.

**50**

## VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE EN AANTEKENINGE

**(45 punte; 36 minute)**

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die woorde 'WAAR' of 'ONWAAR' langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK

3.1.1. Wanneer die totale bates van 'n besigheid sy totale laste oorskry, word die besigheid as insolvent beskou.

3.1.2. Die persentasie opbrengs op eienaarsbelang dui die eienaar se opbrengs op sy belegging aan.

3.1.3. Die winsgewendheid dui die effektiwiteit van die besigheid aan.

3.1.4. Bruto wins op koste van verkope word bereken om winsopslag te verifieer.

3.1.5. Bedryfslaste moet altyd meer as Bedryfsbates wees. (5)

3.2 **MPHOENTLE WINKEL**

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van MPHOENTLE WINKEL vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2024.

**GEVRA:**

3.2.1 Stel die volgende aantekeninge tot die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2024 op:

(a) Voorraad (3)

(b) Handels en ander ontvangbares (5)

(c) Kontant en kontantekwivalente (3)

(d) Handels en ander betaalbares (9)

3.2.2 Stel die Staat van Finansiële Posisie (**Balansstaat)** op 28 Februarie 2024 op. (20)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Algemene Grootboek op 28 Februarie 2024.**

| | R |
|---|---|
| Kapitaal | 1 030 000 |
| Onttrekkings | 125 000 |
| Lening van Star Bank | 350 000 |
| Vaste bates (drawaarde op 28 Februarie 2024) | 1 191 200 |
| Vaste deposito: Top Bank | 120 000 |
| Handelsvoorraad | 310 000 |
| Debiteurekontrole | 48 700 |
| Oortrokke bank | 64 700 |
| Kleinkas | 1 200 |
| Krediteure vir salarisse | 16 000 |
| SAID – LBS | 3 200 |
| Krediteurekontrole | 74 800 |

**B. ADDISIONELE INLIGTING**:

i. Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word vir die opstel van die Staat van Finansiële Posisie:

- Bedrag uitstaande vir elektrisiteit, R3 900.
- Vooruitontvange kommissie inkomste, R15 000.
- ‘n Advertensie vir R14 000 sal eers in Maart 2024 in die koerant. verskyn. Die betaling is in Februarie gedoen en te boek gestel.
- Verpakkingsmateriaal op hande volgens die fisiese telling op jaareinde beloop R7 300.
- Huurinkomste uitstaande, R8 000.

ii. Die vaste bates sluit 'n bedrag van R182 000 in wat aan Ace Builders betaal is vir die bou van 'n stoorkamer (R150 000) en herstelwerk aan die dak van die winkel (R32 000). Die fout moet reggestel word.

iii. R25 000 van die vaste deposito by Top Bank verval op 31 Mei 2024.

iv. ‘n Direkte oorplasing van R15 000 is op 28 Februarie 2024 uit die bankrekening gemaak om die maandelikse paaiement op die lening van Star Bank te vereffen, maar geen inskrywing is gemaak nie.

**45**

## VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

**(30 punte; 24 minute)**

**TS GALAXY**

Die inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van TS GALAXY. Die besigheid word besit deur Mondii Langa en dit verkoop sporttoerusting in die Noordwes Provinsie.

**GEVRA:**

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 30 Junie 2024. Toon al dei bewerkings en rond af tot EEN desimale punt.

4.1.1 Solvensieverhouding (6)

4.1.2 Bedryfskapitaalverhouding (3)

4.1.3 Vuurproefverhouding (4)

4.1.4 Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (4)

4.1.5 Bedryfsuitgawes op verkope (3)

4.2 Lewer kommentaar ten opsigte van die likiditeit van die besigheid. Haal TWEE finansiële aanwysers aan en voorsien syfers om jou antwoord te ondersteun. ***Verwys na inligting 3.*** (6)

4.3 Die eienaar is tevrede met die opbrengs wat hy uit die besigheid verdien, verduidelik dit deur EEN finansiële aanwyser aan te haal om jou antwoord te ondersteun. (4)

**NOTA:** Verskaf syfers of finansiële aanwysers (verhoudinge of persentasies) en vergelyking met die vorige jaar om kommentaar of verduidelikings te ondersteun.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2024**

| | |
|---|---|
| Verkope | 1 875 000 |
| Koste van Verkope | 1 118 750 |
| Bedryfsuitgawes | 700 000 |
| **Netto wins** | 525 000 |

Kopiereg voorbehou 

**B. Uittreksel uit die Balansstaat soos op 30 Junie 2024**

| | 2024 | 2023 |
|---|---|---|
| Vaste bates teen drawaarde | 2 250 000 | 1 500 000 |
| Vaste deposito: Betty Bank | 150 000 | 120 000 |
| Bedryfsbates | 1 287 500 | 880 000 |
| Voorraad | 300 000 | 225 000 |
| Handels en ander ontvangbares | 850 000 | 565 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 137 500 | 90 000 |
| Eienaarsbelang | 2 500 000 | 1 475 000 |
| Nie-Bedryfslaste | 818 750 | 625 000 |
| Bedryfslaste | 368 750 | 400 000 |

**C. FINANSIëLE AANWYSERS:**

| | 2024 | 2023 |
|---|---|---|
| Winsopslag % | 58% | 72% |
| Bedryfswins op verkope | 22% | 17.5% |
| Netto wins op verkope | ? | 16.2% |
| Bedryfsuitgawes op verkope | ? | 19.4% |
| Bedryfsverhouding | ? | 2,9 : 1 |
| Vuurproefverhouding | ? | 0.9 : 1 |
| Solvensieverhouding | ? | 3,3 : 1 |
| Opbrengs op gemiddelde ekwiteit/eienaarsbelang | 20.8% | 17,8% |
| Rente (koers) op vaste deposito | 12% | 12% |

**30**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIëLE AANWYSERSFORMULEBLAD | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates: Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste | |
| (Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ | Totale bates : Totale laste | |